Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 18 Mei 2020

As skoolhoof is ek regtig trots om te sien hoe die Wonnie-personeel onder die omstandighede wys oor watter kwaliteite hulle beskik. Sommer oornag het hulle die skuif na aanlyn-onderrig baasgeraak. Dis regtig bemoedigend om te sien hoeveel Wonnies daagliks op die aanlyn platvorms die lesse en huiswerk aflaai.

Ons het egter gemerk dat daar ietwat verwarring bestaan omdat nie al ons personeel van die *Google-classroom* gebruik maak nie. Ons het daarom besluit om **vanaf die 20ste Mei SLEGS van *Google Classroom* gebruik te maak** vir al die vakke in al die grade. Dit maak dit makliker vir die leerders om daagliks te sien watter werk opgelaai is, omdat dit chronologies geskied. Alle klaskamers is reeds opgestel en u kan nou reeds registreer op dié klaskamers ('n Opsomming van dié kodes word aangeheg). In elke klaskamer is ook 'n opsomming geplaas van die werk wat tot dusver gedoen is, sodat u kan verseker dat u kind teen 20 Mei op datum is.

As skool het ons reeds verlede jaar geregistreer vir die *G-suite* van *Google* en daarom het ons volle gebruiksreg op alles wat die platvorm bied. Graag gee ons u die inligting hoe dié klaskamers gaan werk:

Tempo en lesformaat

Al die lesse sal bestaan uit 'n videoles wat met 'n Powerpoint of met behulp van 'n Visualizer gedoen is. Daar sal ook gereeld huiswerkopdragte verskaf word. Die volgende dag sal die memorandum vir die vorige dag se huiswerk geplaas word. Leerders kan op die *Google Classroom* vrae aan die onderwysers stel, wat dan ook op die platvorm beantwoord sal word.

Die tempo van die lesse sal volgens die KABV geskied, wat beteken dat geen Wonnie op die inhoud van die jaarprogram sal uitmis nie.

Instruksies vir *Google Classroom*

Rekenaar:

Indien u oor 'n *Gmail*-rekening beskik, sal u al reeds toegang hê tot *Google Classroom*. Indien u nie 'n *Gmail*-rekening het nie, moet u een opstel met u eie unieke wagwoord.

1. Kliek op die *Gmail*-tekentjie aan die regterkant in die *Google* soekenjin (*browser*).
2. Teken in op u *Gmail*-rekening
3. Kliek op die kolletjies bo aan die regterkant.
4. Kliek op die *Classroom*-teken
5. Kliek op die Plus (+), regs bo
6. Kliek *Join Class*
7. Sleutel die kode in vir die klaskamer waarby u kind moet aansluit. 'n Opsomming van die kodes word aangeheg.
8. U is nou in die klaskamer

Slimfoon of tablet:

1. Laai die *Google Classroom*-toepassing van die *Playstore* (Android) of *App Store* (iOs – Apple) af.
2. Kliek op *Add account*
3. Sleutel u *Gmail*-rekening in
4. Sleutel u wagwoord in en aanvaar (*accept*)
5. U kan nou dieselfde stappe volg vanaf punt 6 hierbo.

Leerders sonder rekenaars, slimfone of data

Hardekopieë

Ons sal op Vrydae die hardekopieë van die werk vir leerders sonder rekenaars, slimfone of data beskikbaar stel. U sal egter vir ons 'n aanduiding moet gee dat u van hierdie opsie gebruik gaan maak. U moet teen **Woensdag 20 Mei** 'n e-pos in die volgende formaat aan die graadhoof van u kind se graad te stuur:

1. Naam van leerder:
2. Graad:
3. Vakke:

Die graadhoofde se e-pos adresse is soos volg:
Graad 8: Me M Bouwer – wiskunde@wonnies.co.za
Graad 9: Me R Engelbrecht – rene.e@wonnies.co.za
Graad 10: Mnr J Janse van Rensburg – janjvr@wonnies.co.za
Graad 11: Mnr B Deysel – barend.deysel@wonnies.co.za of
Graad 11: Me N Strydom – registrateurs@wonnies.co.za
Graad 12: Me S Venter – engels@wonnies.co.za

Die graadhoofde sal die getalle wat in elke graad benodig word, aan die IT-span deurgee, wat die afrolwerk sal behartig.

Leerders sal tussen 8:00 en 10:00 op Vrydae die hardekopieë by die skool, voor die IT-kantoor, kan afhaal. Gesigmaskers moet gedra word en sosiale afstand moet gehandhaaf word. Slegs 10 leerders sal op 'n slag toegelaat word in die skoolterrein en alle ander Covid-19 regulasies geld.

Ons sal ook elke week 'n virtuele saalopening hê om wat die Wonnies en hul ouers kan bywoon as hulle wil. Daar sal elke Dinsdag 'n opening wees. Die klaskamerkode vir die saalopeninge is **abrleqo.** Saalopeninge sal deur die hoof en adjunkhoofde behartig word.

M LEZAR
SKOOLHOOF

Aanhangsel A:

Google Classroom: **Kodes vir Graad 8 en 9:**

Google Klaskamer-Kodes			
GRAAD 8	**KODE**	**GRAAD 9**	**KODE**
Afrikaans HT	**o6owwlr (Dit is die letter "o" voor en na die 6)**	Afrikaans HT	**9/1-9/4: cpnffp3 9/5: gvzwzxg 9/6: jfriank 9/7: zcw2mgm 9/8: kiweenr**
EBW	**rv3ubty**	EBW	**j7kpur5**
English FAL	**ejvuqrs**	English FAL	**mtx3cjg**
Wiskunde	**jtg6pwy**	Wiskunde	**24466tf**
LOR	**mgzgsap**	LOR	**f2m64fu**
NW	**ixrvtid**	NW	**qwsrcrl**
Gr 8 Dans	**2cb3qwp**	Gr 9 Dans	**gvy2khb**
Gr 8 Drama	**xpml2bo**	Gr 9 Drama	**jb2d2tj**
Gr 8 Kuns	**4tr54py**	Gr 9 Kuns	**wq67fjm**
GR 8 Musiek	**xvpuve4**	GR 9 Musiek	**bnlmvy7**
SW - Aard	**r56ew3e**	SW - Aard	**bre6jp4**
SW - Gesk	**faldboq**	SW - Gesk	**pnnt2eu**
Tegnologie	**c3rh2no**	Tegnologie	**5yak2tz**

Aanhangsel B:

Google Classroom: **Kodes vir Graad 10-12:**

Google Klaskamer-kodes					
GRAAD 10	**KODE**	**GRAAD 11**	**KODE**	**GRAAD 12**	**KODE**
Afrikaans HT	**jahmvip**	Afrikaans HT	**afqp6l3 (Dit is 'n "l" na 6)**	Afrikaans HT	**mmkauzw**
English FAL	**4yo6kfk**	English FAL	**qijq4zt**	English FAL	**y6lvka4**
Wiskunde	**vqx4fgd**	Wiskunde	**eblekpm**	Wiskunde	**seygivy**
Wisk Gel	**25pnk7n**	Wisk Gel	**tfstpnz**	Wisk Gel	**v5sozqk**
LOR	**f4l7a6i (letter "l" na 4)**	LOR	**afqfjc6**	LOR	**rocfek7**
Besigheidst.	**dwhvs76**	Besigheidst.	**oqrjqhs**	Besigheidst.	**slrt7ic**
Drama	**mvji5o6**	Drama	**fksfdu2**	Dans	**6vryh5f**
Ekonomie	**av2tncu**	Ekonomie	**3nuoyoi**	Drama	**4wbghdq**
Fis Wet	**fdjlqkv**	Fis Wet	**4yel4ut**	Ekonomie	**k252vif**
Gasvryheidst.	**ksmiqkj**	Gasvryheidst.	**b2rvzmv**	Fis Wet	**ji6zzpl**
Geografie	**17mdsik**	Geografie	**6vcovbq**	Gasvryheidst.	**6pubsdp**
Gesk	**7c7ifd3**	Gesk	**gmsaulv**	Geografie	**2xwdg32**
IGO	**vbqejvu**	IGO	**v3b5gue**	Gesk	**vglvvkk**
IT	**onauj22**	IT	**Lspmgfi**	IGO	**5cbjqke**
Lewenswet	**cdbd3w3**	Lewenswet	**x2madnl**	IT	**lgkx2kt**
Ontwerp	**dlf6y7r**	Musiek	**hw3cmjc**	Lewenswet	**hcjzjxp**
Rek	**lkvyg7a**	Ontwerp	**asitxvk**	Musiek	**msf547u**
RTT	**area7md**	Rek	**dbob7lb**	Ontwerp	**omsdd7d**
Toerisme	**du3eork**	RTT	**cqa3qlz**	Rek	**dp3piqh**
Visuele Kunste	**fd7ybq2**	Toerisme	**cjt7trg**	RTT	**4sucqxy**
		Visuele Kunste	**omqrlnp**	Toerisme	**vpdwvhi**
				Visuele Kunste	**bvwd6cv**